NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

VERBRUIKERSTUDIES

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

VRAAG 1

1.1	A	k
1.2	C	k
1.3	A	anal
1.4	D	anal
1.5	B	k

VRAAG 2

2.1	C	i	comp/1app
2.2	D	ii	comp/1app
2.3	A	iv	comp/1app
2.4	B	iii	comp/1app

VRAAG 3

3.1 Hipertensie/hoë bloeddruk

3.2 Hoëdigtheidlipoproteïen/HDL

3.3 Transvetsure/transvette

3.4 Preserveermiddel

3.5 Bulimia/Bulimia Nervosa

3.6 Funksionele voedsel

3.7 Belasting op toegevoegde waarde/BTW

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4

4.1 4.1.1 C ii

4.1.2 D iv

4.1.3 A i

4.2 4.2.1 **Op grond van die gevallestudie bepaal jy dat Bongani aan E. coli ly. Wat het jou laat glo dat Bongani aan die siekte ly wat jy gediagnoseer het?**
Simptome wat deur Bongani ervaar word, is in ooreenstemming met dié van **E. coli**.
Simptome het ontstaan ongeveer **7 dae** nadat hy polonie geëet het.
Besmette voedsel ingeneem – polonie.
Oorbewoning, armoede, swak sanitasiegeriewe.
Enige drie geldige voorstelle – moet uit die gevallestudie kom en moet relevant wees vir E. coli – wees versigtig dat kandidaat dieselfde punt herhaal.

4.2.2 **Stel drie gepaste proteïen voedselvoorbereidingsreëls voor wat Bongani se familie moet leer om die verspreiding van die siekte te voorkom.**
- Vleis moet behoorlik gaargemaak word – 'n interne temperatuur van 74 °C moet bereik word.
- Ontdooi vleis in die yskas of mikrogolfoond en nie op die kombuistoonbank nie.
- Plaas oorskietkos direk in die vrieskas.
- Gebruik slegs gepasteuriseerde suiwelprodukte.
- Kontroleer verkoop-teen datums.

Voedselvoorbereiding-higiëne spesifiek NIE persoonlike higiëne nie – moet na proteïenryke voedsel verwys

4.3 **Bongani ontvang elektroliete en vloeistowwe deur 'n binneaarse-drup. Hoekom is dit nodig en watter ander aksies moet of moenie geneem word om hierdie siekte te behandel nie?**
Vloeistowwe en elektroliete is noodsaaklik om te help met dehidrasie (rehidrasie) – vloeistowwe wat as gevolg van braking en diarree verlore gaan. Rus.
Geen anti-diarree-produkte nie – laat die bakterieë eerder deur die ingewande beweeg en uit die liggaam verwyder word

4.4 4.4.1 **Die dokters het versoek dat Bongani probiotika moet kry om die diarree te behandel. Verduidelik kortliks wat probiotika is en hoe dit Bongani kan help om diarree te bestry.**
Probiotika ondersteun die behandeling van diarree (verbeter die ingewandsflora) **dit is lewende bakterieë** en gis wat goed is vir jou, veral vir jou spysverteringstelsel. Probiotika is "goeie" of "nuttige" bakterieë, want dit help om die **ingewande gesond/gebalanseerd** te hou deur die **slegte bakterieë te beperk**. Daar word vermoed dat dit die ingewande bereik, waar dit die kieme wat diarree veroorsaak, onderdruk en die liggaam help om dit te beveg.

IEB Copyright © 2021

4.4.2 **Hou Bongani se ekonomiese status in gedagte en noem twee natuurlike voedselprobiotikas wat deur hom ingeneem kan word nadat hy ontslaan is.**

- maas/amasi
- joghurt
- tuisgemaakte kombucha
- gemmer/piekels

Moet kostedoeltreffend wees

4.4.3 **Wat is prebiotika en hoe is dit voordelig in die funksionering van probiotika?**

Prebiotika word deur die dieet opgeneem in die vorm van vesel en is voordelig vir ingewandsbakterieë wat natuurlik voorkom, aangesien dit as voedsel dien vir die bakterieë.

4.5 **Bespreek die voordele vir 'n verbruiker van die "gebruik teen"-datum op 'n voedsetiket.**

- Die produk sal van 'n goeie gehalte wees en veilig om te eet tot die "gebruik-teen datum" – dit moet teen/voor hierdie datum verbruik word.
- Die produk kan nie volgens die wet na hierdie datum verkoop word nie.
- Dit verskyn op produkte wat kan afgaan, dit wil sê bederfbare produkte.
- Die verbruiker moet etikette lees en produkte koop met 'n "gebruik-teen datum" wat voor die aankoopdatum is.
- As goedere in groot maat gekoop word, is die gebruik-teen datum belangrik, tensy voedsel gevries of op 'n ander manier bewaar moet word.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 5

Bestudeer spyskaarte A en B hieronder en beantwoord dan Vraag 5.1 en 5.2.

Spyskaart A	Spyskaart B
• Sardyn-viskoekies met mayonnaise • Griekse slaai wat bestaan uit blaarslaai, tamaties, olywe en fetakaas • Gefortifiseerde melk	• Geroosterde biefstuk • Gebakte eier • Aartappelwiggies • Spinasieslaai wat bestaan uit spinasie, aarbeie en pekanneute • Vars lemoensap

Kies die spyskaart wat die toepaslikste sal wees vir die bestuur van elk van die volgende gesondheidstoestande. Verskaf drie goeie redes vir elke keuse.

5.1 **Osteoporose**

Spyskaart A is die beste om die volgende redes:

- Vis in blikkies het oplosbare bene wat 'n uitstekende kalsiumbron vir sterk bene is.
- Olierige vis bevat (vetoplosbare) vitamien D wat nodig is vir die opname van kalsium vir sterk bene.
- Eiergeel in mayonnaise bevat vitamien D om kalsiumabsorpsie te bevorder – word benodig om die beenstruktuur op te bou.
- Melk – suiwelprodukte bevat baie kalsium, fosfor en vitamien D, wat almal help om beensterkte te handhaaf.
- Gefortifiseerde melk bevat ekstra minerale en vitamiene, bv. vitamien D – nodig vir kalsiumabsorpsie.
- Slaai – kaas en blaarslaai bevat kalsium; tamatie bevat vitamien C wat help om kalsium op te neem.

5.2 **Anemie**

Spyskaart B om die volgende redes:

- Rooivleis is een van die beste bronne van heemyster – wat nodig is vir die produksie van hemoglobien om bloedarmoede te voorkom.
- Eiergeel is 'n bron van yster wat nie heemyster is nie vir die produksie van hemoglobien.
- Vitamien C in aarbeie help met die absorpsie van nie-heemyster om bloedarmoede te voorkom.
- Spinasie is 'n bron van nie-heemyster vir die produksie van hemoglobien.
- Lemoensap bevat vitamien C, wat die benutting van nie-heemyster in die liggaam help om bloedarmoede te voorkom.
- Aartappel bevat ook 'n klein hoeveelheid vitamien C wat yster benut om hemoglobien te produseer en bloedarmoede te voorkom.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6

Skryf 'n gedetailleerde verduideliking om te motiveer hoekom baie verbruikers met hierdie teken saamstem: GM-voedselsoorte moet 'n etiket dra.
(CPA stipuleer 5% of meer geneties-gemodifiseerde voedselinhoud moet op voedseletikette vertoon word):

- Dit is 'n verbruiker se reg om ingelig te word – ons is daarop geregtig om te weet wat ons eet, daarom moet alle aspekte van die voedselsamestelling aangedui word.
- Alle besonderhede oor wat in ons kos is en hoe die voedsel behandel is, moet deursigtig wees sodat verbruikers hul eie keuses kan maak – die verbruiker se reg om te kies.
- Geneties-gemodifiseerde voedsel kan allergiese reaksies veroorsaak by party mense – dié mense moet daarvan bewus wees sodat hulle die voedsel kan vermy.
- Eerlike etikettering sal verbruikers in staat stel om meer bewus te wees/ opgevoed te word oor die kwessie – as dit nie duidelik op etikette sigbaar is nie, lyk dit of vervaardigers/produsente iets het om weg te steek.
- Dit sal etiese bemarking wees om produkte te hê wat korrek gemerk is.
- Verbruikers moet bewus wees van moontlike gevolge vir hul gesondheid soos geneoordrag; kan mense se gesondheid beïnvloed (bv. antibiotiese weerstand teen gene, wat as merker gebruik word by die skep van geneties-gemodifiseerde voedsel, kan oorgedra word, daarom kan 'n persoon immuun raak teen die effektiewe behandeling van antibiotika).
- Verbruikers wat besorg is oor die veiligheid van geneties-gemodifiseerde voedsel in die omgewing wil deur toepaslike produketikettering weet (bv. plante kan weerstandig raak teen onkruiddoders = superonkruide, geneties-gemodifiseerde plante en diere kan superorganismes word = veroorsaak dat natuurlike plante en diere uitsterf, aangesien hulle nie met gemodifiseerde diere en plante kan meeding nie).
- Party verbruikers mag besorg wees oor etiese kwessies betreffende die behandeling van diere (geneties-gemodifiseerde diere groei vinnig, word op 'n jonger ouderdom geslag = is dit eties?). Produkte moet dus etikette hê.
- Tegnologiese modifikasie kan strydig wees met die oortuigings van sekere kulture/godsdienste. Hierdie mense het die reg om te weet sodat hulle hierdie produkte kan vermy.

Kandidate moet 'n duidelike motivering bied oor die *etikettering* van geneties-gemodifiseerde voedsel.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 7

7.1 **Verduidelik, met redes, wat "gereelde voedselsoorte" sou beteken in terme van die glukemiese indeks vir die gemiddelde gesonde persoon.**
Mense moet gereeld lae (onder 55) tot baie lae (onder 40) GI of veselryke/ongeraffineerde voedsel eet wat stadig verteer en 'n egalige vrystelling van glukose en energie bied – sal beter ondersteuning bied en suikerstuwings en insulienstuwings vermy – gesonder vir die pankreas.
As jy dikwels lae GI-voedsel inneem, sal dit voorkom dat oortollige suiker in die bloedstroom as vet omgeskakel en gestoor word in die liggaam, en sodoende kan dit gewig help beheer.

7.2 **Watter kategorie voedsel, volgens hul GI-gradering, sou aanbeveel word as "beste met oefening", en hoekom?**
Hierdie voedselsoorte sal 'n hoë GI-gradering (70>) hê – dit beteken dat dit vinnig verteerbaar is, vinnige vrystelling van glukose gee in die bloedstroom om energie te verskaf/te handhaaf tydens oefening en om opgegaarde glikogeen na oefening aan te vul.

7.3 **Ontleed die voedingsinligting op die voedseletiket hieronder. Verduidelik breedvoerig waarom hierdie produk nie geskik is vir 'n diabeet nie.**
Dit is nie geskik nie om die volgende redes:

- Dit bevat 69% glukemiese koolhidrate (suiker of stysel) = 'n groot hoeveelheid. Dit sal 'n toename in bloedsuiker veroorsaak wat die vrystelling van insulien benodig, maar 'n diabeet produseer nie voldoende insulien nie/die insulien werk nie behoorlik om die glukose uit die bloed in die selle te laat beweeg nie.
- Die groot hoeveelheid koolhidrate met baie min vesel dui aan dat die produk (kraakbeskuitjies) verfyn is/hoë GI, word dus nie vir 'n diabeet aanbeveel nie weens vinnige vertering en vrystelling van glukose in die bloed.
- Die veselinhoud is laag (0,8 g per porsie). Dit beteken dat die versadigingswaarde laag sal wees, en 'n mens sal kort na die inname van hierdie produk honger voel. Diabete moet oppas dat hulle nie gewig aansit nie.
- As hulle honger is/tussen maaltye eet, kan dit hul insulien-dosisse beïnvloed, aangesien diabete hul maaltye op spesifieke tye moet eet om hul insulien te balanseer.
- Die totale vet is 19,8% – dit is hoog. Diabete moet nie voedsel met 'n hoë vetinhoud verbruik nie, aangesien hulle moet waak teen gewigstoename, sowel as hoë cholesterol en hartsiektes.
- Die kraakbeskuitjies het 'n lae voedingswaarde = "leë kilojoules"', daarom is hierdie produk nie bevredigend nie, nie voedsaam nie en nie geskik nie.

5 geldige redes waarom hierdie produk nie geskik is vir 'n diabeet nie

IEB Copyright © 2021

AFDELING B KLEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

VRAAG 8

8.1	C	k
8.2	B	syn
8.3	C	k
8.4	B	k

VRAAG 9

9.1	C	ii
9.2	D	i
9.3	A	iv
9.4	B	iii

VRAAG 10

10.1	10.1.1	D	comp
	10.1.2	A	comp

10.2 **Bespreek die voordele van aanlynaankope vir die aankoop van klere of skoene.**

Voordele:

- Gerieflik omdat jy nie na besige winkels hoef te gaan/in lang rye moet wag nie.
- Geen vervoerkoste/parkeerkoste om na winkels te gaan nie.
- Kan voorraadbeskikbaarheid aanlyn nagaan – vinnig en maklik.
- Kan maklik pryse vergelyk en die beste opsie kies.
- Party items word goedkoper op die internet aangebied met gratis aflewering (bo 'n sekere aankoopprys).
- 'n Groot verskeidenheid produkte/webwerwe is beskikbaar (in vergelyking met winkels).
- Items word op jou drumpel afgelewer – nuttig vir swaar/lywige artikels.
- Koop in jou eie vrye tyd – nie beperk tot winkel-openingstye nie.
- Nuttig vir verbruikers wat in afgeleë gebiede woon, bied hulle 'n groter keuse.
- Koopbewyse mag dalk beskikbaar wees vir afslag.
- Aanlyn klantterugvoering kan verbruikers help om produkte te kies.

IEB Copyright © 2021

10.3 **Die *Chocolaticas* onpaar poliuretaanskoene word in Venezuela vervaardig en na Suid-Afrika toe ingevoer. Bespreek die impak van hierdie skoene op die natuurlike omgewing.**

- Ingevoer uit Venezuela, daarom dra dit by tot koolstofvoetspoor as gevolg van lug-/seemyle.
- Vervoer van skoene na verkoopspunt/vervoer van skoene indien aanlyn bestel – koolstofvrystellings.
- Koolstofvrystellings van fossielbrandstowwe gedurende vervaardiging van materiaal.

Keuse van materiaal (geheueskuim – poliuretaan met bykomende chemikalieë).

- Goeie gehalte wat etlike seisoene sal hou – help die natuurlike omgewing deur nie voortdurend nuwe skoene te koop nie.
- Duursame, slytwerende sintetiese/poliuretaan sal etlike seisoene hou – dit hoef nie gou vervang te word nie.
- Dit kan 'n modegier wees – "vinnige mode" moet vermy word omdat jy artikels gereeld vervang, wat 'n impak op die natuurlike omgewing het.
- Sintetiese materiaal word met chemikalieë vervaardig en met verskillende chemikalieë behandel tydens vervaardiging – giftig vir die natuurlike omgewing.
- Poliuretaan word gemaak van petroleum en ru-olie (chemikalieë) – lugbesoedeling.
- Sintetiese kleurstowwe wat in die vervaardiging gebruik word – waterbesoedeling.
- Moeilik om te herwin – die meeste produkte beland op stortingsterreine (nie-biologies afbreekbaar).
- Gemaak van nie-hernubare hulpbronne = olie.
- Energieverbruik is hoog tydens produksie, verpakking.

10.4 **Bepaal hoe skoene soos *Chocolaticas* bydra tot die probleem van werkloosheid in die Suid-Afrikaanse klerebedryf.**

- Invoere soos *Chocolaticas* ding mee met plaaslike produkte op die mark.
- As minder plaaslike goedere verkoop word (as gevolg van kleiner vraag), verloor plaaslike vervaardigers verkope en maak minder wins.
- Dit veroorsaak dat plaaslike Suid-Afrikaanse fabrieke sluit en baie werkverliese tot gevolg het. Ons werkloosheidsyfer styg.

10.5 10.5.1 **Alhoewel hierdie skoene 'n klassieke styl het, kan hulle as modegiere beskou word. Verskaf twee goeie redes waarom dit as modegiere beskou kan word.**

Verskeidenheid unieke materiaalontwerpe en helder kleure.

Linker- en regterskoene verskil – dit is ongewoon/effens ekstreem, lyk nie soos ander 'normale' skoene nie, nie noodwendig goeie smaak nie.

Jong en moderne ontwerpe – spreek tot die jonger generasie /individualiste.

IEB Copyright © 2021

10.5.2 **Vergelyk drie verskille tussen die lewensiklus van klassieke modes en 'n modegierproduk. Direkte vergelykings word verlang**.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

Klassieke klere	Modegier
Deurlopend of langdurig – kan baie seisoene gedra word, selfs dekades. Dit is tydlose modes.	Kortste lewensiklus – gou aanvaar, maar van korte duur en slegs 'n kort rukkie gewild.
Klassieke klere voldoen aan baie mense se behoeftes.	Klein tot medium aantal verbruikers ondersteun die produk.
Ondersteuning van meer volwasse generasie.	'n Styl vir 'n spesifieke jonger, modebewuste demografiese groep; giere spreek die jonger generasie aan.
Hierdie style pas by alle tye aan.	Giere kan tot 'n spesifieke groep spreek maar nie oor die algemeen nie – is meer individualisties.
Die verkope is goed, aangesien die mode die langste duur. Altyd gewild en beskikbaar.	Modegier-klere word gou uitverkoop en is daarna nie meer beskikbaar nie omdat dit vinnig in die mode en dan uit die mode raak.

3 punte van vergelyking word verlang.

10.5.3 **Bespreek modegier-produkte met betrekking tot:**

(a) **'n Tiener wat wil konformeer.**
Tieners wil konformeer, want dit gee hulle 'n gevoel van veiligheid en dat hulle tot 'n groep behoort. Omdat hulle op skool gedwing word om aan 'n kleredragkode te voldoen, dra hulle verspotte modes buite die skool, sodat hulle anders kan wees. Terselfdertyd sal hulle waarskynlik dieselfde modegiere as hul vriende dra, dus pas hulle steeds by hul portuurgroep in – hulle voel steeds veilig en gemaklik. Baie tieners het nog nie hul eie persoonlike styl ontwikkel nie en hulle is steeds geneig om te kies wat hul maats dra.

(b) **'n Tiener wat individualiteit wil demonstreer.**
'n Persoon wat sosiaal veilig, kreatief of opstandig is, wil anders wees en opvallend anders as hul eweknieë, en kan modegiere gebruik om dit te bereik. Hulle kan uitrustings saamstel wat verspot is en anders as wat ander dra – in hul gemeenskap sowel as in hul portuurgroep, en sodoende hul individualiteit en persoonlike styl uitdruk.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 11

11.1 **Bespreek hoekom Uitrusting B die geskikste keuse as deel van David se werksklerekas sal wees.**

- Snyers broek en wit hemp is klassieke items wat baie jare lank gedra kan word en wat nie uit die mode raak nie.
- Die broek kan vir verskeidenheid met ander gekleurde hemde gemeng en gepas word.
- 'n Wit hemp kan saam met ander dasse en broeke gedra word.
- Kleure van klere en skoene is neutraal (grys, wit, swart) en kan dus saam met baie ander kleure gedra word.
- Kleredrag lyk gemaklik vir werksdoeleindes.
- 'n Toeknooptrui is deftig, maar nie so formeel soos 'n baadjie nie (hy kry nog opleiding).
- Geskik vir 'n korporatiewe werk (witboordjie).
- Klassieke uitrusting weerspieël goeie gehalte – sal lank hou, duursaam wees.
- Dit pas netjies hy lyk dus professioneel.
- Gladde teksture is formeel. Luukse teksture.
- Swart skoene kan saam met baie ander uitrustings gedra word.

Evalueer waarom uitrusting geskik is vir 'n werksklerekas van 'n leerlingbestuurder (5 toepaslike redes).

IEB Copyright © 2021

11.2 **Beskryf vyf spesifieke maniere waarop werknemers (mans en dames) hul persoonlike styl binne die beperkings/perke van die kleredragkode van die onderneming kan uitdruk. Moenie voorstelle herhaal nie.**

Voorgeskrewe kleredragkode	Voorstelle
• Das/serp	Verskillende kleure, patrone, materiaal, style. Knoop serpe op verskillende maniere. Mans kan 'n dasspeld dra.
• Baadjie/ onderbaadjie	Verskillende style – bv. lank of kort, getailleer of lospassend, kraagvorms/geen kraag, enkel- of dubbelbors. Verskillende kleure, teksture, patrone, bv. strepe/effe. Toegeknoop of oop, ritssluiter in plaas van knope. Voeg verskillende bykomstighede by, bv. borsspeld.
• Wit hemp/ bloes	Verskillende style, bv. krae, moulengte, knope of oortrek, insteek of loshangend (dames). Verskillende materiale. Voeg bykomstighede by, bv. borsspeld vir dame, mansjetknope vir 'n man.
• Vlootblou/ swart langbroeke	Verskillende style, bv. plooie, sakke, regaf- of steweltipe. Verskillende materiale. Verskillende materiaalontwerpe, bv. potloodstrepies of materiaal met tekstuur. Verskillende belde.
• Swart skoene	Verskillende style – opryg/aanglip, hoë/medium/lae hakke. Leer/seemsleer ...

Aanvaar een geskikte voorstel vir elke item, moet beskryf word.
Geen herhaling van dieselfde punte nie, maar aanvaar verskillende voorbeelde van styl, ens.

IEB Copyright © 2021

AFDELING C BEHUISING EN INTERIEUR EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

VRAAG 12

12.1	C	k
12.2	D	k
12.3	C	k
12.4	A	k
12.5	C	k

12.6	B	C	D	k

(Enige volgorde)

IEB Copyright © 2021

VRAAG 13

13.1 **Identifiseer en stipuleer die voordele van een nie-hernubare en een hernubare bron van algemene energievoorsiening vir Suid-Afrikaanse huise.**

NIE-HERNUBAAR (twee)

Elektrisiteit – steenkool
- Steenkoolenergie is 'n bekostigbare energiebron vanweë die stabiele prys van steenkool in vergelyking met ander brandstofbronne – energie is goedkoop.
- Steenkool is maklik om te verbrand.
- Steenkool lewer hoë energie by verbranding.
- Steenkool is volop – maar is besig om op te raak as 'n nie-hernubare bron.
- Steenkoolenergie is 'n betreklik betroubare energiebron – beurtkrag SA.

Gas
- Maklik oorgedra vanaf kragsentrales na woongebiede.
- Veeldoelige brandstof word in die huis gebruik vir kook, verhit, droog, ens.
- Dit is volop en feitlik wêreldwyd beskikbaar.
- Aardgas is goedkoper in vergelyking met ander fossielbrandstowwe en goedkoper as elektrisiteit as dit gebruik word om krag aan huishoudelike toestelle te verskaf. Aardgastoestelle is ook goedkoper as elektriese toestelle.
- Omgewing: Dit besoedel nie die grond of die ondergrondse water nie omdat die neweprodukte in gasvorm is. Nog 'n belangrike feit is dat aardgas brand sonder om roet of swaweldioksied vry te stel. Dit stel ook 45% minder koolstofdioksied as steenkool en 30% minder as olie vry.

Paraffien/Keroseen – petroleum
- Olie kan maklik deur 'n netwerk pypleidings vervoer word.
- Olie-aangedrewe kragstasies kan teoreties feitlik op enige plek gebou word.
- Maklik om aan te steek.
- Veilig – word meer omgewingsvriendelik as steenkool en hout beskou. Ten spyte hiervan stel dit wel giftige gasse vry – dit sluit stikstofdioksied, swaeldioksied en koolstofmonoksied in. Word die beste buite of in goed geventileerde plekke gebruik.
- Lang stoorlewe – roesbestand.

HERNUBAAR (enige een)

Sonkrag
- Hernubare energiebron.
- Verlaag elektrisiteitsrekeninge.
- Diverse toepassings – verhitting, wek elektrisiteit op, distilleer water.
- Lae onderhoudskoste.
- Tegnologiese ontwikkeling – word deurgaans verbeter om energie uit sonkrag te vergroot

Windkrag – Port Elizabeth/Gqeberha
- Wind is 'n hernubare energiebron.
- Geen brandstofkoste nie.
- Geen skadelike besoedelende gasse word geproduseer nie.

IEB Copyright © 2021

Bio-energie – Durban

- Suikerrietafval, metaangas vanaf stortingsterreine, rioolafval en saamgeperste huishoudelike afval voorsien hitte en energie.
- Hernubare energiebron.
- Beter vir die omgewing as fossielbrandstowwe.
- Minder afhanklikheid van fossielbrandstowwe.
- Maklik bekombaar.
- Verminder stortingsterreine.
- Koste-effektief.
- Ruimte.

Moet energiebronne wees wat alledaags voorkom en oorvloedig in Suid-Afrika gebruik word – kan nie hidrokrag/petroleum wees nie.
GEE en beskryf TWEE voordele van elk.

13.2 **Doen verslag oor die emissies geproduseer deur brandende brandstowwe van die nie-hernubare bron wat jy in Vraag 13.1 bespreek het, en die uitwerking wat hierdie emissies op die omgewing het.**

STEENKOOL

- Dra by tot aardverwarming. **Fossielbrandstowwe** is nie groen energiebronne nie. Nie hernubaar nie. Onvolhoubaar.
- Steenkoolenergie lewer groot hoeveelheid koolstofdioksied wat tot aardverwarming en klimaatsverandering lei.
- Die verbranding van steenkool is nie omgewingsvriendelik nie, want dit produseer skadelike neweprodukte en gasvrystellings soos swaeldioksied, koolstofdioksied en stikstofoksied wat die omgewing besoedel, insluitende suurreën.

PARAFFIEN/KEROSEEN – PETROLEUM

- **Olie** is 'n nie-hernubare energiebron, die verbranding van **olie** produseer koolstofdioksiedgas wat die lug kan besoedel.

GAS

- **Vlambaar en toksies:** Aardgaslekkasies kan uiters gevaarlik wees. Sulke lekkasies kan brande of ontploffings veroorsaak. Die gas self is uiters toksies as dit ingeasem word.
- **Omgewingsimpak:** Wanneer aardgas brand, word koolstofdioksied, monoksied en ander koolstofverbindings in die atmosfeer vrygestel wat bydra tot die kweekhuiseffek, alhoewel dit skoner is as ander fossielbrandstowwe (olie, steenkool, ens.) Wat byprodukte aanbetref, kan aardgaslekkasies gevaarliker word omdat metaan 21 keer gevaarliker as koolstofdioksied is.
- **Nie-hernubaar**: dit is 'n tydelike energiebron en kan nie as 'n langtermynoplossing vir ons energievoorsieningsprobleem beskou word nie.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 14

14.1 **Beveel twee klein bekostigbare draagbare elektriese huishoudelike toestelle aan om hulle te help om hul maaltye voor te berei. Motiveer die geskiktheid van jou aanbevelings. Moenie redes herhaal nie.**

Tabuleer jou antwoord soos volg:

Klein toestelle	**Rede/motivering vir keuse**
Ketel	Kook water vinnig in groot of klein hoeveelhede; meer ekonomies as om die stoof te gebruik …
Toebroodjiemaker/ kontakrooster	'n Volle maaltyd kan binne minute gekook word; maklik vir diegene wat nie kookvaardighede het nie; groot verskeidenheid toebroodjievulsels moontlik ; kan bevredigende en gesonde kos maklik produseer
Stokmenger	Vinnige voorbereiding van vars sappe en smoothies om gesonde opsies te verskaf.
Broodrooster	Rooster, ontdooi brood, bevrore wafels – gerieflik, vinnige maaltye en versnaperings …
Elektriese braaipan	Vir vinnige kook; eenpotmaaltye, maklik om te gebruik, lae energieverbruik.

Enige twee klein draagbare en bekostigbare voorbereidingstoestelle vir voedsel wat geskik is vir jong manlike studente. (2) k
Een geskikte rede vir elke keuse. (2) app
Geen herhaling van redes nie

14.2 **Beskryf die korrekte prosedure wat gevolg moet word as 'n probleem met die nuwe huishoudelike apparaat sou voorkom.**

- Besorg terug aan die plek van aankoop met bewys, d.w.s. defekte apparaat (verkieslik in verpakking), waarborg, kwitansie (afskrifte – bewaar oorspronklikes).
- Praat met die bestuurder/kliëntediens-afdeling.
- Verduidelik die probleem rustig en beleefd/skryf 'n brief. Wees feitelik.
- Noem watter regstelling jy benodig – terugbetaling/vervanging/herstel.
- Laat 'n redelike tyd toe om klagte op te los.
- Nader 'n persoon met meer gesag as dit nie bevredigend opgelos word nie.
- Hou rekord van die stappe wat geneem is – datums, name, ens.
- Probeer om geskil self op te los.

Enige 4 geldige punte.

14.3 **Noem drie faktore wat 'n verbruiker moet oorweeg wanneer hy besluit watter toestelle om te koop.**

- Funksie – is dit maklik om te gebruik, doeltreffendheid, veiligheids-kenmerke, skoonmaak.
- Verbruik – energieverbruik/energie-doeltreffendheid/bedryfskoste, grootte om aan behoeftes te voldoen, waterverbruik.
- Omgewingsimpak – duursame konstruksie/waarborg, energieverbruik, naverkope-diens

Enige drie faktore genoem (geen verduideliking benodig) k

14.4 **Noem twee soorte indirekte belasting wat op 'n ingevoerde toestel in Suid-Afrika betaal moet word.**

- Invoerbelasting/doeanebelasting
- BTW

IEB Copyright © 2021

14.5 **Vergelyk kredietkaart- en kontanttransaksies wanneer jy vir huishoudelike toestelle betaal. Maak 'n gevolgtrekking watter metode die beste opsie vir Tom en James sal wees.**

Kredietkaart	**Kontant**
Kan dadelik koop, selfs al het hulle nie fondse beskikbaar nie.	Hulle moet die volle bedrag beskikbaar hê – moet dalk eers spaar/moet moontlik die aankoop uitstel tot dit bekostig kan word.
Kan die items op die begrotings-fasiliteit van die kredietkaart plaas – kan oor 'n langer tydperk afbetaal – kleiner impak op maandelikse begroting maar rente sal bygevoeg word.	Kontant moet beskikbaar wees/ onttrek by bank.
'n Veilige betaalmetode – hoef nie kontant te dra nie; skyfie- en PIN-tegnologie; kan die kaart blokkeer as dit verlore raak of gesteel word.	Meer riskant – as kontant wegraak of gesteel word, is daar geen manier om dit op te spoor of terug te kry nie.
Die meeste winkels aanvaar kredietkaarte.	Kontant word orals aanvaar.
Geen uitstaande bedrag is aan die winkel verskuldig nie, dus word geen ekstra koste bygevoeg nie, bv. rente, administrasiefooie	Geen ekstra fooie, plus hulle kan dalk kontantafslag kry.
Hulle sal die bedrag aan die einde van die maand aan die bank moet terugbetaal (skuld); as dit nie ten volle betaal word nie, is daar hoë rente betaalbaar	Onmiddellike eienaarskap en geen uitstaande skuld om te betaal/kan nie oorbestee nie.
Gevolgtrekking: Kandidate kan enige metode kies, maar moet motivering verskaf. Bv. kredietkaart sal die beste wees omdat hulle nie hoef te spaar nie/is veiliger … **OF** Kontant is verkieslik – geen skuld, goedkoper op die lang duur, moontlikheid van kontantafslag ... **Assesseer toepaslike gevolgtrekking (1)**	

Drie direkte vergelykings is nodig; moet verduidelik – geen eenwoord-antwoorde nie.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 15

15.1 **'n Huurooreenkoms**

'n Wettige skriftelike ooreenkoms tussen 'n eienaar/verhuurder en 'n bewoner/huurder vir die huur van eiendom.
Dit is vir 'n sekere tydperk teen 'n vaste huurbedrag van krag.
Dit sluit al die terme en voorwaardes in.

15.2 **'n Verband**

Geld wat by 'n bank/ander finansiële instelling geleen word om eiendom te koop.
Dit word oor 'n tydperk van tot 20–30 jaar in maandelikse paaiemente terugbetaal met rente en administrasiekoste bygevoeg.
Die verband word by die Aktekantoor geregistreer en dien as sekuriteit vir die bank, wat beteken dat die bank die eiendom besit totdat die volle bedrag terugbetaal is.
Die eienaar onderteken die verbandlening wat 'n erkenning is om die lening te betaal.

15.3 **Okkupasiehuur**

As die nuwe eienaar/koper die eiendom voor die oordrag okkupeer, sal hulle huurgeld aan die verkoper (bestaande eienaar) betaal.
As die verkoper steeds die eiendom na oordrag bewoon, moet hulle huur aan die koper (nuwe eienaar) betaal.
Die bedrag wat betaalbaar is, word in die kontrak/verkoopsakte gespesifiseer – gewoonlik 1% van die koopprys.
Drie geldige punte wat elke term verduidelik.

VRAAG 16

16.1 **Noem drie soorte versekeringspolisse wat 'n huiseienaar met 'n verbandlening/verband behoort te hê.**

- Verbandbeskermingsversekering/lewenspolis/lewensversekeringspolis.
- Omvattende huiseienaarversekering (teen brand, oorstromings, ander rampe).
- Huishoudelike versekering/huishoudelike inhoudversekering.

16.2 **Gee drie vereistes wat 'n bank benodig voordat 'n huislening aan 'n voornemende huiskoper toegestaan sal word.**

- Gewaarmerkte afskrif van die aanbod om te koop.
- Gewaarmerkte afskrifte van identiteitsdokumente (SA ID of paspoort).
- Bewys van bestendige inkomste.
- Koper se bankstate van die afgelope ses maande (tensy dit dieselfde bank is).
- Bewys van woonadres.
- Inkomstebelastingnommer.
- 'n Kredietwaardigheidsbevestiging.
- Volledig ingevulde en ondertekende aansoekvorms.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 17

Beskryf vier verantwoordelikhede tydens die aankoop of verkoop van 'n huis van elk van die onderstaande rolspelers.

17.1 **Eiendomsagent**

- Ontleed die behoeftes van die potensiële koper.
- Kennis van die huidige eiendomsmark, d.w.s. watter huise op die mark is in die koper se prysklas en die voorkeur-woonbuurt(e).
- Weet wat die verskillende banke bied ten opsigte van verbandopsies.
- Bied 'n skakel tussen koper en verkoper – ontmoet albei en onderhandel aanvaarbare terme tussen hulle.
- Kan help met die invul van vorms.
- Bied advies oor regsake wat verband hou met die proses.

17.2 **Oordragprokureur/aktebesorger**

- Stel die dokumente op wat benodig word vir die oordrag van eienaarskap en wat deur die koper onderteken moet word.
- Registreer die koper se nuwe verband in die aktekantoor.
- Kanselleer die verkoper se vorige verband.
- Registreer die oordrag van eienaarskap in die aktekantoor.
- Betaal die geld wat die koper aan die verkoper verskuldig is.
- Betaal die hereregte (belasting) aan die SAID.

IEB Copyright © 2021

AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

VRAAG 18

Bespreek jou mening, insluitend gedetailleerde beredenering, oor of belasting op 'onbegeerlike geprosesseerde voedsel' en belastingvrystelling op 'gesonder voedsel' 'n effektiewe strategie is om verbruikersgedrag te verander.

Die opstel word holisties nagesien met behulp van die IEB-brongebaseerde opstelrubriek met die volgende riglyne.

JA –

- Vele families het 'n voedselbegroting en moet voedsel koop wat bekostigbaar is. As nutriëntryke voedsel goedkoper en ongesonde voedsel duurder is, sal verbruikersgedrag begin verander, veral vir diegene op 'n streng voedselbegroting.
- Vele mense koop kitskosse omdat dit dikwels goedkoper as gesonder vars groente en vrugte is, maar as kits-/gerieflikheid-/geprosesseerde kosse op 'n hoër koers belas word, mag die verbruiker meer geneig wees om die gesonder opsie te koop, wat belastingvry is.
- Sommige stapelvoedsel is 0% BTW-koers – dit stel die armes in staat om 'n reeks basiese benodighede te koop waarop oorleef kan word. Hierdie mense sal geneig wees om enige ander BTW-vrygestelde produkte te koop.
- Mense sal dan meer gewoond raak om 'n gesonder dieet te volg. Hulle gesondheid sal begin verbeter, hulle sal gewig verloor en beter voel en sal so bly eet.
- Vele mense moet 'n goeie motivering hê om gedragspatrone te verander – die spaar van geld kan 'n uitstekende aansporing wees.
- Weens die regering se beplande veldtog kan dit verbruikers meer bewus maak van watter kosse 'onbegeerlike geprosesseerde voedsel' is en daarom verbruikers opvoed om gesonder keuses te maak en gesonder lewens te lei.
- Wanneer verbruikers gewoond raak aan die koop en eet van gesonder opsies, sal hulle koopgedrag en voedselvoorkeure begin verander.
- Kinders sal dan grootword met 'n gesonder dieet – dit sal hulle norm word.

NEE –

- Vele mense koop kitskos weens die gerieflikheid daarvan, daarom sal hulle die ekstra betaal vir die gerieflikheidsfaktor.
- Vele mense het nie kookvaardighede en kennis oor gesonde kosse nie, daarom sal hulle aanhou ongesonde kitskosse koop, selfs al is dit duurder.
- Alkohol en sigarette word swaar belas met aksynsreg ('sonde' belasting) deels om te poog om verbruikersgedrag te rig/verander, maar as mense dit wil koop, doen hulle steeds, selfs al beïnvloed dit ander behoeftes in hulle begroting. Belasting kan gedeeltelik ongesonde eetgewoontes vir 'n wyle verminder, maar mense keer dikwels na hulle ou gewoontes terug.
- Verbruikers wat kan bekostig om die ekstra te betaal, sal nie gemotiveer word om te verander wat hulle koop om sodoende 'n bietjie geld te spaar nie.
- Om belasting te verhoog sal slegs gedeeltelik effektief wees om vetsug te bewing – S.A. het reeds 'n oorweldigende belastingstelsel en hierdie belasting sal voedselpryse verder laat toeneem wat die arm en middel inkomste groepe seer sal maak.

IEB Copyright © 2021

- Mense sal steeds gemorskos, lekkers, ens. wil hê aangesien dit is waarvan hulle hou en waaraan hulle gewoond is, daarom sal hulle steeds hulle 'troos-'kosse koop. Verbruikersgedrag sal waarskynlik nie verander nie.
- Die voedselindustrie is groot, magtig en het baie geld vir bemarking en promosie van hulle produkte – mense sal steeds deur die media verlei en oortuig word om die verkeerde dinge te koop.

Kandidate kan vir of teen wees, of kan albei kante van die argument toon. Moet 8 geldige punte gee.

Bespreek die impak wat 'n onaktiewe leefstyl op die vetsugvlakke van Suid-Afrikaanse kinders kan hê.

- **Onaktiewe leefstyl** beteken dat minder energie in daaglikse aktiwiteite gebruik word. As meer kilojoules ingeneem word as wat nodig is, word dit as vet in die liggaam gestoor. As hierdie siklus voortduur, kan dit tot vetsug lei.
- **Onaktiewe ouers** – stel nie 'n voorbeeld nie (bv. gesinsaktiwiteite behels nie oefening of fisieke buitelug-aktiwiteite nie), daarom moedig ouers nie fisieke aktiwiteite aan nie – lei tot oorgewig kinders.
- **As hulle die grootste deel van die dag sit** by 'n lessenaar by die skool en geen sportsoorte miskien aangebied word nie, beteken dit dat kinders dikwels onaktief is = vetsug.
- **Vervoer** eerder as stap of fietsry. Ouers is bekommerd oor die veiligheid van kinders in die buitelug, gevolglik word fisieke aktiwiteite soos in 'n park speel/ fietsry/stap, beperk selfs as die kinders dit wil doen = vetsug.
- **Sittende ontspanningsaktiwiteite** na skool en oor naweke, bv. TV/blaai op internet/speel rekenaarspeletjies (sittende leefstyl) – minder energie word in daaglikse aktiwiteite gebruik✓ wat tot vetsug kan lei.
- **Werkende ouers** – kinders is weekliks ure lank by nasorg waar aktiwiteite of huiswerk onder toesig plaasvind, in plaas van om fisiek aktief te wees, selfs tydens skoolvakansies. Omdat ouers 'n besige leefstyl het, is hulle dalk dikwels te moeg/besig om ná werk en gedurende naweke fisieke aktiwiteite saam met hul kinders te doen.

'Vetsug by kinders kan tot latere gesondheidsprobleme by volwassenes lei.' Beoordeel die waarheid van hierdie stelling.

Die stelling is waar aangesien vetsugtige kinders geneig is om vetsugtige volwassenes te word wat waarskynlik aan een of meer van die volgende gesondheidstoestande sal ly. Dit sal op 'n vroeër ouderdom voorkom/erger wees as die persoon die grootste deel van sy lewe vetsugtig was.
('n Gepaste gemotiveerde opmerking om die waarheid van die gegewe stelling te evalueer: 1 punt)

- Dit is bekend dat vetsug verband hou met **koronêre hartsiektes/hartaanvalle** – dit is te wyte aan die kossoorte wat dikwels deur vetsugtige mense geëet word, kos met 'n hoë vetinhoud (versadigde en transvette), baie suiker en onverfynde koolhidrate, wat die risiko van hartsiektes verhoog.
- **Tipe 2-diabetes** – hou direk verband met vetsug, swak dieet en leefstyl. Dit ontwikkel mettertyd en daarom is daar 'n groter risiko as 'n swak leefstyl op 'n jonger ouderdom begin. Mense wat oorgewig is, nie oefen nie en 'n swak dieet volg, loop 'n hoë risiko om tipe 2-diabetes te ontwikkel
- **Hoë bloeddruk (hipertensie)** – vetsug maak dit moeiliker vir die hart om bloed deur die bloedvate te pomp, wat die risiko van hoë bloeddruk verhoog.

IEB Copyright © 2021

- **Hoë cholesterolvlakke (hipercholesterolemie)** – hou verband met voedselinname van baie diereprodukte, versadigde vet en transvette, wat algemeen voorkom in die ongebalanseerde diëte van oorgewig mense. Dit lei tot die opbou van vetterige aanpaksel wat die are vernou en verhard **(aterosklerose en arteriosklerose)** – kan hartaanvalle en beroerte veroorsaak.
- **Beroerte** as gevolg van hipertensie/hartsiektes (sien hierbo).
- **Sekere kankers** (kankersoorte) soos slukderm, dikderm, nier, baarmoeder/ uterus, prostaat kan deur vetsug veroorsaak word.
- **Depressie** – 'n swak selfbeeld en gebrek aan vertroue kan die gevolg van vetsug wees (sielkundige gesondheid word aangetas, wat 'n ernstige/gevaarlike toestand by kinders en volwassenes is.)
- **Swak wondgenesing** is 'n algemene komplikasie by vetsugtige mense.
- **Tandbederf** – vetsugtige mense volg dikwels 'n suikerryke dieet, wat lei tot 'n swak toestand en/of verlies van tande.
- Ekstra **spanning** op die hart, longe (asemhalingsiekte, asma), bloedsomloop en skelet (rug-, knie- en gewrigsprobleme) hou almal verband met vetsug wat tot in volwassenheid voortduur.

Enige 6 van die bostaande gesondheidstoestande met 'n kort beskrywing oor hoekom dit met vetsug verband hou; 1 punt vir die beoordeling/ gevolgtrekking van die waarheid van die stelling.

IEB Copyright © 2021

Kriteria	Prestasie-aanwysers				
Doeltreffendheid van huidige voorgestelde strategieë om verbruikersgedrag te verander.		**5–4 punte**	**3–2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
		Antwoord toon 'n deeglike begrip van die voorgestelde strategieë en of dit effektief sal wees om verbruikersgedrag te verander. Albei strategieë is aangespreek. Geen feitefoute nie.	Antwoord toon 'n goeie begrip van die voorgestelde strategieë en of dit effektief sal wees om verbruikersgedrag te verander. Albei strategieë is aangespreek. Geringe feitefoute.	Antwoord toon swak begrip van die voorgestelde strategieë en of dit effektief sal wees om verbruikersgedrag te verander. Slegs een strategie is aangespreek. Belangrike inligting ontbreek soms/is verkeerd.	Antwoord toon 'n swak of geen begrip van die voorgestelde strategieë en of dit effektief sal wees om verbruikersgedrag te verander.
Die impak van 'n onaktiewe leefstyl op die vetsugkoers van kinders.	**4 punte**	**3 punte**	**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Antwoord gee minstens 4 redes waarom 'n onaktiewe leefstyl die vetsugkoers van kinders beïnvloed. Geen feitefoute nie.	Antwoord verskaf minstens 3 redes hoekom 'n onaktiewe leefstyl die vetsugkoers van kinders beïnvloed. Soms 'n gebrek aan toepaslikheid, duidelikheid of detail	Antwoord gee minstens 2 redes hoekom 'n onaktiewe leefstyl die vetsugkoers van kinders beïnvloed, maar dit is gebrekkig en nie duidelik nie.	Antwoord verskaf minstens 1 rede hoekom 'n onaktiewe leefstyl die vetsugkoers van kinders beïnvloed, maar is meestal onvanpas en vaag.	Reaksie gee geen redes hoekom 'n onaktiewe leefstyl die vetsugkoers van kinders beïnvloed nie.
Verhouding tussen vetsug by kinders en latere gesondheidstoestande in volwassenheid.	**5 punte**	**4 punte**	**3 punte**	**2–1 punt**	**0 punte**
	Reaksie bevat minstens 5 gesondheidstoestande wat verband hou met vetsug by kinders, met 'n deeglike uiteensetting.	Antwoord bied minstens 4 gesondheidstoestande wat verband hou met vetsug by kinders, met 'n goeie verduideliking.	Antwoord bied minstens 3 gesondheidstoestande wat verband hou met vetsug by kinders, met 'n verduideliking. Soms 'n gebrek aan toepaslikheid, duidelikheid of detail.	Antwoord poog om gesondheidstoestande te bied wat verband hou met vetsug by kinders, maar is meestal onvanpas of vaag.	Reaksie bied geen gesondheidstoestande wat verband hou met vetsug by kinders nie.
Gebruik van inligting			**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
			Inligting in die artikel is goed geïntegreer met eie kennis.	Daar is gepoog om inligting in die artikel met eie kennis te integreer.	Inligting in die artikel is nie gebruik nie.
Kwaliteit van die bespreking			**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
			Bespreking is duidelik en bondig. Vloei is logies. Fokus word deurgaans behou. Die gebruik van terminologie is akkuraat.	Bespreking is dikwels vaag, onsamehangend, wankelrig of herhalend. Terminologie wat gebruik word, is dikwels verkeerd.	Die bespreking is sinneloos.
Aanbieding			**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
			Antwoord is georganiseerd, met goed saamgestelde paragrawe, 'n toepaslike inleiding en duidelike gevolgtrekking. Taal en toon is gepas. Geringe gebreke is teenwoordig.	Antwoord is georganiseerd maar in verskeie opsigte gebrekkig.	Antwoord is gebrekkig in alle of feitlik alle aspekte van die aanbieding.

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2021